



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
JUNIE 2017
GRAAD 6

WISKUNDE

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

KLAS (bv. 6A) _____

NAAM EN VAN _____

17 bladsye

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN**

WISKUNDE

TYD: 1½ uur

PUNTE: 75

INSTRUKSIES

1. Lees AL die instruksies noukeurig deur.
2. Vraag 1 bestaan uit 10 meervoudigekeuse-vrae. Omkring die letter van die korrekte antwoord.
3. Beantwoord vraag 2 tot 20 in die spasies of raampies wat voorsien word.
4. Alle bewerkings moet op die vraestel gedoen word en nie op rofwerkpapier nie.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Jy mag NIE 'n sakrekenaar gebruik NIE.

AFDELING A

MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.1 Wat is die waarde van die onderstreepte getal in 34 502 344?

A 50 000

B 500 000

C 5

D 5 000 000

(1)

1.2 Watter van die volgende breuke het die hoogste waarde?

$\frac{3}{5}$; $\frac{3}{4}$; $\frac{4}{10}$; $\frac{1}{2}$

A $\frac{3}{5}$

B $\frac{3}{4}$

C $\frac{4}{10}$

D $\frac{1}{2}$

(1)

1.3 Wat is $12,25 \times 10$?

A 1,225

B 12 250

C 1 225

D 122,5

(1)

1.4 Wat is die ontbrekende getal in die volgende getalsin?

$$(250 + 0 + 50) \times \square = 300$$

A 600

B 1

C 0

D 6

(1)

1.5 Wat is die volgende getal in hierdie getallery?

7,5 ; 7,7 ; 7,9 ; ...

A 8,1


B 7,11

C 9,9

D 8,11

(1)

1.6 Wat is die naam van die 3D voorwerp hieronder geïllustreer?



A 'n reghoekige prisma

B 'n driehoekige prisma

C 'n driehoekige piramiede

D 'n reghoekige piramiede

(1)


1.7 Watter 3-D voorwerp het 9 hoekpunte, 16 rande en 9 vlakke?

- A Nonagoon
- B Oktagoon
- C Oktagonale piramiede
- D Oktagonale prisma

(1)

1.8 Die volgende grafiek wys die getal besoekers wat 'n waterpark per maand kry. Hoeveel meer besoekers het die park in Maart as in Februarie gehad?

Getal besoekers by die waterpark per maand



- A 3
- B 1 000
- C 1 500
- D 7 500

(1)

1.9 Wat is die mediaan van die datastel hieronder?

55 ; 67 ; 75 ; 42 ; 75 ; 19 ; 88 ; 31 ; 8 ; 75 ; 12

- A 88
- B 75
- C 19
- D 55

(1)

1.10 Wat is die modus van die datastel hieronder?

12 ; 17 ; 17 ; 12 ; 30 ; 25 ; 17 ; 10 ; 26 ; 18 ; 20

A 30

B 25

C 12

D 17

(1)

[10]

2 Beantwoord die volgende vrae in die spasies wat voorsien word.

2.1 Afrond:

2.1.1 Rond 19 455 af tot die naaste 10: _____ (1)

2.1.2 Rond 28 498 af tot die naaste 1 000: _____ (1)

2.2 Kies 'n getal uit die boks wat by elk van die volgende verklarings pas.

| | | |
|----|----|---|
| 30 | 80 | |
| 37 | 9 | |
| 31 | 39 | 4 |

2.2.1 'n Veelvoud van 15: _____ (1)

2.2.2 'n Priemgetal tussen 35 en 40: _____ (1)

2.2.3 'n Faktor van 40: _____ (1)

2.3 Voltooi die volgende getalsin deur die ontbrekende getal in te vul:

$378 + 10 - 6 + 6 - \dots = 378$ (1)

[6]

3 Bereken die antwoorde vir Vraag 3. Gebruik enige metode. Wys jou bewerkings.

3.1 $348\,143 + 594\,845$

(2)

3.2 $98\,268 - 95\,931$

(2)

3.3 $5\,463 \times 35$

(3)

3.4 $7\,557 \div 25$


(3)

3.5 $3\frac{2}{9} + 4\frac{5}{9} =$



(2)

3.6 $\frac{9}{10} - \frac{2}{5} =$



(2)

3.7 $\frac{3}{7}$ van 91



(2)

3.8 $9,45 + 3,2 =$

(2)

3.9 $54 \div (9 - 3) + 4 =$

(2)

[20]


4. Voltooi die tabel deur die ontbrekende breuk, desimaal of persentasie in te vul.

| Breuk | Desimaal | Persentasie |
|----------------|----------|-------------|
| $\frac{3}{10}$ | 0,3 | |
| $\frac{3}{4}$ | | 75% |
| | 0,5 | 50% |

[3]


5. Beantwoord die volgende vrae oor die vloeiagramme.

5.1 Voltooi die volgende vloeiagram deur die ontbrekende inset- en uitsetwaardes in te vul:




(2)

5.2 Vul die ontbrekende reël in die vloeiagram in.



(1)
[3]

6. Ondersoek die diagrampatroon hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



6.1 Hoeveel vuurhoutjies word elke keer bygevoeg om nog 'n vierkant te maak?

_____ (1)

6.2 Vul die ontbrekende getal in die tabel, gebaseer op die diagram.

| | | | | |
|--------------------|---|---|----|----|
| Getal vierkante | 1 | 2 | | 10 |
| Getal vuurhoutjies | 4 | 7 | 10 | |

(1)
[2]

7. Sabelo oefen vir 'n marathonwedloop deur elke dag vir 7 dae te hardloop. Elke dag hardloop hy twee keer sover as wat hy die vorige dag gehardloop het. Hy het op dag een, 1 km gehardloop. Gebruik die tabel om die vrae te beantwoord.

| | | | | | | | |
|---------------|---|---|---|---|---|---|---|
| Dag | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Afstand in Km | 1 | 2 | | | | | |

7.1 Hoe ver het Sabelo op dag 7 gehardloop?

_____ (1)




7.2 Op watter dag het Sabelo 32 km gehardloop?

_____ (1)

7.3 Ayanda het ook elke dag vir 7 dae gehardloop. Hy het 12 km op dag 1 gehardloop. Hy het elke dag 5 km verder as die vorige dag gehardloop. Op watter dag het Ayanda twee keer so ver as Sabelo gehardloop?

(1)
[3]

8. Skryf die naam neer van elke figuur in die onderstaande tabel.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| | | |

[3]


9. Trek die lyne van simmetrie op die figuur hieronder.



[1]


10. Benoem die tipe hoeke wat in elk van die figure gewys word.

10.1



(1)

10.2



(1)

10.3



(1)

[3]

11. Op 'n sekere oomblik, is die tye in verskillende stede rondom die wêreld aangeteken. Gebruik die tydlyn om die volgende vrae te beantwoord:



- 11.1 Wat is die tydsverskil tussen New York en Parys?

(1)

- 11.2 Wat sal die tyd in New York wees as dit 14:14 in Londen is?

(1)


[2]

12. Die analoog klok gesig hieronder wys die tyd in die middag. Skryf die tyd wat aangewys is in 12-uur digitale tyd. Onthou om aan te dui of dit v.m. of n.m. is.



[2]

13. 'n Fliëk begin om 19:15 en eindig twee ure en 25 minute later. Hoe laat het die fliëk geëindig?



[2]

14. Herlei na die eenhede soos aangedui:

14.1 $3 \ell 68 \text{ ml} = \underline{\hspace{2cm}} \ell$ (1)

14.2 $12\frac{1}{2} \text{ kl} = \underline{\hspace{2cm}} \ell$ (1)

14.2 $4 \text{ dekades} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ jare}$ (1)
[3]


15. Mary het $3,8 \ell$ water in 'n beker gegooi. Deur die dag het sy 500 ml van die water gedrink. Hoeveel water het in die beker oorgebly?



[2]


16. Die data hieronder wys die koeldranke wat Mev. Smith oor die naweek verkoop het. Gebruik die inligting om 'n staafgrafiek te teken.

| Dag | Saterdag | Sondag |
|--------------------------|----------|--------|
| Getal koeldranke verkoop | 30 | 45 |



[2]

17. Beantwoord die vrae oor die staafgrafiek hieronder.



- 17.1 Watter aktiwiteit gebruik die meeste water in een dag?

(1)

- 17.2 Hoeveel meer water word gebruik as die kraan oopgedraai is tydens tande borsel, as wanneer die kraan toegedraai is tydens tande borsel?


(1)

[2]

18. 'n Slak kruip teen 'n bestendige koers van 8 cm elke 10 minute. Hoe ver sal die slak in 25 minute kruip?


[2]

19. Linda het R483 vir haar verjaarsdag gekry. Sy het besluit om 'n derde van haar geld te spaar, en die res op 'n nuwe paar skoene te spandeer. Hoeveel het haar skoene gekos?



[2]

20. Hoeveel driehoeke van verskillende groottes is daar in die volgende diagram?



[2]

TOTAAL: 75**EINDE**